basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Private Bag X895, Pretoria, 0001, Sol Plaatje House, 222 Struben Street, Pretoria, 0002, South Africa
Tel.: (012) 357 3000, Fax: (012) 323 0601, www.education.gov.za

Ref no: C-2499/17-24/04/2017
Enquiries: Ms CT Weston
Tel: 012 357-4183
Fax: 012 328 2128
Email: weston.c@dbe.gov.za

**TO: MECs FOR EDUCATION**
**HEADS OF PROVINCIAL EDUCATION DEPARTMENTS**
**HEADS OF PROVINCIAL CURRICULUM SECTIONS**
**HEADS OF PROVINCIAL EXAMINATION SECTIONS**
**UNIVERSITIES SOUTH AFRICA**
**SOUTH AFRICAN QUALIFICATIONS AUTHORITY**
**INDEPENDENT EXAMINATIONS BOARD**
**INDEPENDENT SCHOOLS ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA**
**INDEPENDENT SCHOOLS' COUNCIL**
**UMALUSI**
**NATIONAL TEACHERS ORGANISATIONS**

## CIRCULAR S3 OF 2017

## ERRATA OF AFRIKAANS HOME LANGUAGE AND AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE GRADE 12 POETRY ANTHOLOGIES

1. The national Literature Catalogue for the Further Education and Training (FET) was approved and sent to provinces through Circular S13 in 2015.

2. As stipulated in Circular S13 of 2015 and Circular E39 of 2016, the new literature texts, which include the Grade 12 poetry anthologies for Afrikaans Home Language and First Additional Language, must be implemented in 2017.

3. However, errors and omissions were identified in the Grade 12 Afrikaans Home Language poetry anthology, i.e. *Verse in my inboks* (Vivlia) and the Grade 12 Afrikaans First Additional Language poetry anthology, i.e. *Verskuns* (MacMillan) by teachers and subject advisors in preparation for the implementation of the prescribed poems in 2017.

4. The omissions were brought to the attention of the publishers who have since distributed the lists of the errata to all the schools that purchased these anthologies.

**ERRATA OF AFRIKAANS HOME LANGUAGE AND AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE GRADE 12 POETRY ANTHOLOGIES IN SECONDARY SCHOOLS**

5. You are kindly requested to bring the contents of this **Circular** and the errata lists in **Appendix 1 (***Verse in my inboks* – Vivlia) and **Appendix 2** (*Verskuns* vir Eerste Addisionele Taal – MacMillan) to the attention of all Afrikaans subject teachers and subject advisors in your province.

6. The aforementioned appendices are available on the Department website: www.education.gov.za under Resources, Policies, Curriculum and Assessment.

Yours sincerely

**MR HM MWELI**
**DIRECTOR-GENERAL**
**DATE:** 24/04/2017

APPENDIX 1

Publishers & Booksellers (Pty) Ltd
Reg.No.1988/003704/07
An independent, black-owned
South African company

# Verse in my inboks

'n Poësie-handleiding vir Afrikaans Huistaal

Graad 12

Saamgestel deur
Philna Scholtz en Elza Vorster

ISBN: 978-1-4307-3755-1

## ERRATA

| | |
|---|---|
| **Regstellings by voorgeskrewe gedigte** | **Bladsy 2** |
| **Ander regstellings by voorgeskrewe gedigte** | **Bladsy 4** |
| **Bylae A: Die sagte sprong – Bespreking van gedig (p. 43–44)** | **Bladsy 6** |
| **Bylae B: Reaksie – Bespreking van gedig (p. 184–185)** | **Bladsy 7** |
| **Bylae C: Reaksie – Vrae en voorgestelde antwoorde (p. 373–375)** | **Bladsy 8** |
| **Regstellings by ander gedigte** | **Bladsy 10** |

## Regstellings by voorgeskrewe gedigte

| Bladsy | Naam van gedig | Fout | Regstelling |
|---|---|---|---|
| p. 9 | *Vincent van Gogh* | Versreël 4: in agterbuurte en op landerye ...<br>Versreël 7: in sy kramptrekke ...<br>Versreël 13: toe is sy hartstog ... | In agterbuurte**s** en op ...<br>in **S**y kramptrekke ...<br>toe is **S**y hartstog |
| p. 14 | *Nog in my laaste woorde* | Versreël 9: jy wat vlam was ...<br>Versreël 12: versadiging! Dan weet ek het jou hand | **o** jy wat vlam was ...<br>versadiging! D**á**n weet ... |
| p. 68 | *'n brief van hulle vakansie* | Titel: 'n brief van hulle vakansie<br>vir oubaas:<br>Noudat ... | Titel: 'n brief van hulle vakansie<br>***vir oubaas:***<br><br>Noudat ...<br><br>[Kursivering; spasie tussen subopskrif en gedig] |
| p. 77 | *Wie's Hy?* | 'n Paar foute kom in die gedig voor. Ter wille van duidelikheid word die gedig volledig weergegee:<br><br>Titel: Wie's hy?<br><br>1. Die poet<br>2. wie's hy?<br>3. Djulle het so baie bek oorie poet<br>4 ma wié's hy?<br>5. Is hy rêrag soes djulle dink<br>6. Die ou moerie pen ennie ink<br>7. wat in sy study sit en poems dink?<br><br>8. Nai,<br>9. djulle's mistaken,<br>10. ma djulle is die poets<br>11. djulle wat ini straat in loep<br>12 ennie gladde bek verkoep<br>13. ma die dinge sien<br>14. en soema met daa God tien hulle roep! | <br><br>Titel: Wie's **Hy**?<br><br>1. Die poet**,**<br>2. wie's hy?<br>3. Djulle het so baie bek oorie poet**,**<br>4 ma wié's hy?<br>5. Is hy rêrag soes djulle dink<br>6. **die** ou moerie pen ennie ink<br>7. wat in sy study sit en poems dink?<br><br>8. Nai,<br>9. djulle's mistaken,<br>**10. nie hy nie**<br>**11.** ma dj**ú**lle is die poets**,**<br>**12.** djulle wat **innie** straat in loep<br>**13** ennie gladde bek verkoep<br>**14.** ma die dinge sien<br>**15.** en soema **n**et daa God tien hulle roep! |
| p. 80 | *Versagtende omstandighede* | Versreël 1: Oe Here, ek hoor dis so wonnerlik | Oe Here, ek hoor dis so**e** wonnerlik |
| p. 125 | *eerste worp* | Versreël 17: en baie reste naby die eerste worp<br>Versreël 19: hoor jy die jakkalse en fossielskreeu | en baie reste naby **aan** die eerste worp<br>hoor jy die jakkalse **se** fossielskreeu |
| p. 136 | *'n vigslyer sterf* | Versreël 4: hulle sien hom steeds stof word | hulle sien hom **reeds** stof word |
| p. 193 | *oupa Thomas Granfield* | 'n Verkeerde weergawe van die gedig is opgeneem in die bundel – die foute lê hoofsaaklik by versreëls wat verkeerd afbreek. | Ter wille van duidelikheid word die korrekte gedig hier volledig gereproduseer (sien vetdruk vir versreëls waar foute reggemaak is). |

***oupa Thomas Granfield***

**1.**

1. dis vandag my oupa Thomas
2. se verjaardag
3. dit sou gewees
4. het
5. hy is dood
6. toe ek in matriek was
7. dit is al wat ek regtig van
8. matriek kan onthou

9. die oggend toe die telefoon lui
10. het my ma nie kom sê nie
11. sy en my pa het opgestaan
12. en is weg hospitaal toe

13. al die **grootmense my** oupa se kinders en hulle [haal komma uit]
14. mans en vroue is hospitaal toe

15. ek wou **saamgaan** [een woord]
16. ek wou net my oupa
17. **belowe dat ek** okay sou wees [oorgang by versreël]
18. dat ek eendag 'n boek gaan skryf
19. en hom nooit sal vergeet nie **en** [oorgang by versreël]
20. dat ek die liefste vir hom was

21. my ma het 'n paar uur **later** [oorgang by versreël]
22. gebel om te sê dat ek vir **my en my suster moet kos maak** [oorgang by versreël]
23. sy het niks gesê van my oupa nie
24. haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg

25. ek het gewag vir iets
26. vir **P**appa is dood [hoofletter]
27. of dis verby of hy's oorlede
28. maar sy't aanhou praat oor kos
29. toe ek haar uiteindelik stop en vra
30. het die vlermuise aanhou vlieg

31. "ja, vroeg vi-oggend" [koppelteken]

**2.**

32. die swaarste vir my was nie **dat my oupa dood was nie** [oorgang by versreël]
33. **maar** [oorgang by versreël]
34. dat die aarde aanhou draai het
35. dat ek aanhou leef het
36. dat alles wat verkeerd was nog steeds **verkeerd is** [oorgang by versreël]
37. dat ek kon slaap en wakker word
38. **matriek slaag en aan 'n toekoms dink** [oorgang by versreël]
39. die ergste van alles was **dat ek alles kon doen wat** [oorgang by versreël]
40. ek moes doen
41. en al wat ek **regtig wou doen was om te huil** [oorgang by versreël]
42. ek wou dae aaneen huil
43. ek wou sy leeftyd **uithuil** [een woord]
44. ek wou huil vir wie hy was **en vir wie hy kon wees** [oorgang by versreël]
45. ek wou huil oor die onregverdigheid
46. en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my
47. en **omdat** ek geweet het dat hy lief was vir my [omdat i.p.v. dat]

* Die volgende strofe slegs in die Versindaba weergawe:

48. vandag
49. jare na sy dood
50. onthou ek eending van oupa Thomas

51. "niemand kan jou seerder maak as jy jouself nie"

## Ander regstellings by voorgeskrewe gedigte

Die volgende regstellings is hoofsaaklik na aanleiding van foute in die gedigte; in enkele gevalle is die teks bygewerk ter wille van groter duidelikheid.

| Bladsy | Gedig | Regstelling |
|---|---|---|
| p. 13 | *Nog in my laaste woorde* | Paragraaf bygevoeg aan die einde van *Bespreking van gedig*:<br>**Kenmerke van die Engelse sonnet kom hierin voor: 14 versreëls en die rymskema is abab cdcd efef gg. Die gedig het 'n rymende eindkoeplet wat met die hoogtepunt die kerngedagte kragtig uitdruk.** |
| p. 15 | *Nog in my laaste woorde* | Vraag bygevoeg:<br>**21. Skryf die kenmerke van die Engelse sonnet wat hierin voorkom, neer.** |
| p. 43 | *Die sagte sprong* | *Bespreking van gedig*: Die bespreking van die gedig is bygewerk om dit op 'n hoër standaard, meer geskik vir Graad 12, te bring. Die bestaande bespreking is vervang met 'n volledige nuwe bespreking. [Sien Bylae A] |
| p. 77 | *Wie's Hy?* | *Bespreking van gedig*: Byvoeging by die laaste sin van die tweede paragraaf:<br>Hoofletters en leestekens ontbreek **dikwels in 'n vrye vers**. |
| p. 78 | *Wie's Hy?* | Vraag 1: Herlees die titel van die gedig. Wie is die **H**y waarna in die titel verwys word?<br>Vraag 6: Herlees versreëls 2 en **12**. Daar is definitiewe verskille ...<br>Vraag 9: Herlees versreëls **12** en **13** met aandag en skryf dit oor in Standaardafrikaans. |
| p. 82 | *Versagtende omstandighede* | Vraag 13: Skryf woorde uit strofe **7** neer wat beteken: |
| p. 127 | *eerste worp* | Vraag 21.1: Watter suggestie is daar in die woord *fossielskreeu* (versreël 19) en na watter enkele **voorvoegsel** gryp dit terug in strofe 5 (versreëls 13 tot 16)? Verduidelik. |
| p. 184 | *Reaksie* | *Bespreking van die gedig:* Die bespreking het tekortkominge en is nie 'n akkurate interpretasie van die gedig nie. Die bestaande bespreking is vervang met 'n volledige nuwe bespreking. [Sien Bylae B] |
| p. 185 | *Reaksie* | *Woordverklarings*:<br>newwies: **nuwe** skoene |
| p. 186 | *Reaksie* | Skrap vraag 3 en hernommer vrae die vrae van 1 tot 18.<br>By Vraag 6, hernommer en skrap die tweede gedeelte van die vraag:<br>**5.** Wat is newwies (versreël 5) en waarom word dit juis genoem? ~~Van watter abstrakte begrip is dit 'n konkrete bewys?~~ |
| p. 192 | *oupa Thomas Granfield* | *Bespreking van gedig*:<br>Eerste sin van vyfde paragraaf:<br>Versreëls **13** en **14** is tipografies geskei van die ander strofes.<br>Laaste sin van sesde paragraaf:<br>Die vlermuis-beeld word verder uitgebrei deur die metafoor (*het die vlermuise aanhou vlieg*) in **versreël 30**.<br>Eerste sin van sewende paragraaf:<br>Die aankondiging van haar oupa se dood word alleen geplaas in **versreël 31** om so die ...<br>Eerste sin van laaste paragraaf:<br>**In die weergawe wat voorgelees is tydens die Versindaba is daar vier addisionele versreëls. Hier haal die spreker haar oupa se direkte woorde aan:** *"niemand kan jou seerder maak as jy jouself nie"*. |
| p. 195 | *oupa Thomas Granfield* | Vraag 12. Die woorde: *belowe dat ek okay sou wees* (versreël **17**) is ironies. Verduidelik.<br>Vraag 13. Benoem die beeldspraak in strofe **5** en verduidelik.<br>Skrap Vraag 14 en hernommer die laaste twee vrae.<br>Vraag **15**. Skryf versreël **51** oor in jou eie woorde. |

| | | |
|---|---|---|
| p. 323 | *Wie's Hy?* | Vraag 1: Herlees die titel van die gedig. Wie is die **H**y waarna in die titel verwys word?<br>Antwoord by Vraag 1: Die **H**y verwys na digters.<br>Vraag 6: Herlees versreëls 2 en **12**. Daar is definitiewe verskille ...<br>Vraag 9: Herlees versreëls **12** en **13** met aandag en skryf dit oor in Standaardafrikaans. |
| p. 323 | *Wie's Hy?* | Antwoord by Vraag 13:<br>abab ccc. **Dit is kruisrym en slagrym.** |
| p. 325 | *Versagtende omstandighede* | Vraag 13: Skryf woorde uit strofe **7** neer wat beteken: |
| p. 345 | *eerste worp* | Vraag 21.1: Watter suggestie is daar in die woord *fossielskreeu* (versreël 19) en na watter enkele **voorvoegsel** gryp dit terug in strofe 5 (versreëls 13 tot 16)? Verduidelik.<br>Antwoord by Vraag 21.1: Dit suggereer dat dit 'n baie ou, primitiewe skreeu is. Dit gryp terug na die **voorvoegsel** *oer-* in versreël 14. Die wieg van ... |
| p. 373–375 | *Reaksie* | Skrap Vraag 3 en hernommer die vrae van 1 tot 18.<br>Daar is ingrypende veranderinge by sommige van die antwoorde op die kontekstuele vrae. Die antwoord by die literêre opstelvraag is heeltemal vervang. Ter wille van duidelikheid word die bygewerkte *Voorgestelde vrae en antwoorde* volledig hier weergegee [sien Bylae C]. |
| p. 377 | *oupa Thomas Granfield* | Vraag 12. Die woorde: *belowe dat ek okay sou wees* (versreël **17**) is ironies. Verduidelik.<br>Vraag 13. Benoem die beeldspraak in strofe **5** en verduidelik. |
| p. 378 | *oupa Thomas Granfield* | Skrap Vraag 14 en hernommer die laaste twee vrae.<br>Vraag **15**. Skryf versreël **51** oor in jou eie woorde. |

## Bylae A: Die sagte sprong – Bespreking van gedig (p. 43–44)

In die titel van hierdie gedig ondersteun die alliterende s-klank die inhoud en dra klankmatig tot die sagtheid by. Let op hoe hierdie sagtheid verder in versreël 9 uitgebou word tot *iets soos 'n sagte sprong.* Die woord *sprong* dui op beweging. Die titel suggereer dus reeds dat daar iets gaan gebeur.

Hierdie gedig bestaan uit 11 rymlose versreëls wat in twee definitiewe dele volgens die inhoud en die sinsbou ingedeel kan word. Die spreker strewe daarna om met God verenig te word.

Die woord *Dit* in versreëls 1 en 7 verwys na die spreker se mistieke belewing van God se teenwoordigheid. Die woord *dit* is 'n aanwysende voornaamwoord met 'n aanduiding van 'n spesifieke saak. Hierdie belewing is onverwags ... *wanneer dit nie verwag / word nie* (versreëls 1 en 7). Na elk van hierdie twee versreëls kom daar 'n verduideliking van die aard van die belewing. In die eerste deel gaan dit oor die belewing van die intellek ... *'n aanraking van die verstand* (versreël 2). God dring hom nie aan die mens op nie, daarom is die aanraking *lig soos 'n veer* (versreël 3). Dit is saggies, amper asof 'n mens dit nie voel nie. 'n Veer is byna gewigloos en die aanraking daarvan is baie sag, amper asof dit nie regtig aanraak nie. Maar hierdie aanraking is geweldig kragtig, *potent* (versreël 4).

Hierdie aanraking was vinnig, haastig, *vlugtig* (versreël 3), maar dit was *presies* (versreël 3), dus uiters noukeurig. Die tempo in versreël 3 is baie stadig en word bewerkstellig deur die komma en die frikatiewe v-klanke. Alhoewel hierdie aanraking uiters sag is, laat dit die spreker verwonderd en sprakeloos. Die uitwerking is so kragtig dat dit nog lank voortduur, *dat die aandag nog lank daarna / die indruk behou* (versreëls 5 en 6). As dié aanraking so intens beleef word, hoe gaan God se vasvat dan wees? Die spreker wonder oor hoe kragtig God se vasvat gaan wees.

Die sagte aanraking in versreël 4, *en jy dink as sy ligtheid so is, so potent* word klankmatig versterk deur die assonerende i-klank en die sagte s-klank.

Die tweede gedeelte van die gedig (vanaf versreël 7) begin met 'n dubbelpunt. Daarna volg 'n verdere verklaring van die goddelike belewing wat die spreker ervaar. Die dubbelpunt skei die twee gedeeltes tipografies van mekaar. Die aanraking tref die spreker in haar diepste menswees ... *iets wat die bewussyn tot / in die lewe tref ...* (versreëls 8 en 9). Daar het dus progressie plaasgevind vanaf die eerste deel, wat die verstandelike belewing verwoord, tot die tweede deel wat die geestelike en emosionele ervaring beskryf.

Hierdie belewing word vergelyk met 'n *sagte sprong,* want die aanraking is ... *lig soos 'n veer* (versreël 3). Hierdie veerligte, sagte aanraking ontketen geweldige emosies by die spreker: vreugde, herkenning, verbasing, verwondering. Let op die herhaalde gebruik van die woord *vreugde* in versreël 10. Die spreker is dus verwonderd en verbaas oor God se betrokkenheid, maar dit verskaf ook eindelose vreugde in die herkenning van die bekende.

Waar daar in versreël 6 sprake was van *sy* vasvat, praat die spreker in versreël 11 direk met God en praat sy van *u vasvat*. As God se terloopse aanraking van die verstand so kragtig is, hoe moet sy *vasvat* nie wees nie as Hy doelbewus ingryp op die mens se lewe. Hierdeur bevestig die spreker God se daadwerklike invloed op haar lewe: soms net 'n *sagte* betrokkenheid, ander kere 'n kragtige ingryping wat die mens intens bewus maak van sy goddelikheid.

Let op die gebruik van die dubbelpunte in hierdie gedig. Na die dubbelpunte in versreëls 2 en 8 volg 'n verklaring van wat nie verwag word nie, terwyl die dubbelpunt in versreël 7 by die vorige aansluit en voortgaan om 'n verduideliking te gee van die spreker se belewing van sy goddelikheid.

Die woord *iets* is 'n onbepaalde voornaamwoord en die herhaalde gebruik van hierdie woord in versreëls 8 en 9 wys daarop dat hierdie *iets* nie vasgepen kan word nie.

## Bylae B: Reaksie – Bespreking van gedig (p. 184–185)

Die titel *Reaksie* dui aan dat daar op iets gereageer gaan word, met ander woorde wat iemand se reaksie gaan wees op iets wat plaasgevind het.

In die gedig reageer die spreker krities op "afvalliges" soos dié wat hulle bekeer en dan as lekepredikers vir mede-afgedwaaldes wil kom preek. Die spreker is skepties teenoor die aangesprokene wat ook eens afvallig was en vantevore nes die spreker gelewe het en nou vir hom wil preek en sê hy moet sy lewe verander.

Die aangesprokene word as *ou Ghwarrie* aangespreek. Die woord *ghwarrie* het verskillende betekenisse. Volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* is dit 'n klein boom of struik (ook raasbessie genoem) wat wydverspreid in Suidelike Afrika voorkom. Die oorsprong van die woord kan teruggevoer word na die Khoi-tale. Die woord kan ook verwys na 'n gruisgat. Volgens die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* beteken *ghwarrie* ook om 'n geraas of bohaai te maak. 'n Ghwarra is 'n minderwaardige persoon. In die volksmond kan dit egter na 'n lekker ou pêl en selfs 'n platjie verwys. In die gedig het Ghwarrie godsdienstig en 'n lekeprediker geword.

Kan die afleiding uit bogenoemde gemaak word dat die aangesprokene as lekeprediker volgens die spreker net 'n geraas maak? Hy was eers 'n minderwaardige persoon wat hom nou belangrik ag en vir ander preek. Dink in dié verband aan die straatpredikers wat so hard as moontlik op straathoeke staan en preek. Die woord *Ghwarrie* het dus universele waarde in die gedig en verwys nie net na een spesifieke persoon nie.

Die baie tussenwerpsels in die gedig versterk die gevoel en emosies van die spreker.

Die gebruik van woorde soos *tjy, oek* en *vannie*, plaas die gedig reg van die begin af in die milieu van die Kaapse bruin gemeenskap. Die saak waaroor die spreker met die aangesprokene wil praat, is dat ou Ghwarrie sy lewe kwansuis verander het en nou bekeer is. Hy verwys spottend na die bekering as *daai ding* (versreël 1) en die woorde *gloe met hart en siel* (versreël 2) word sarkasties bedoel en dui op sy skeptisisme. Hy vra of die spreker nou ook deel is van die kring van die mense waarmee hulle spot, verwysende na die skynheiliges.

In versreël 4 word na die *hotnotsriel* verwys. Die riel is 'n dans en beeld dikwels die liefdespel tussen man en vrou uit. Die spreker wil weet of die aangesprokene nou so heilig is dat hy hom van dans en liefde maak, weerhou.

In versreëls 5 en 6 praat hy met die man oor sy kleredrag. Skielik is die aangesprokene deftig geklee, *oe tjy sil nou met newwies / en tjou beste sjute die dag deurbring.* Kenmerkend van die predikers is dat hulle met 'n pak klere en das op die straathoeke staan en preek. Die kleredrag is vir die spreker nog aanvaarbaar, maar hy spreek hom sterk uit oor die persoon se *Sunday-go-to-meeting-face* (versreël 9). Hy suggereer dat die spreker hom heilig hou en dat hy 'n valse beeld uitdra. Dis asof sy lewe vreugdeloos geword het.

Hy praat ook nie meer sy gewone Kaaps nie, maar *tjy praat mos nes daai seurtjie / oppie draad* (draadloos / radio) – (versreëls 10 en 11). Hy praat formele taal en nie meer Kaaps nie. Nie net het sy praattaal verander nie, dit waaroor hy preek staan lynreg teenoor hoe hy vantevore gelewe het.

Die aangesprokene preek geregtigheid, liefde en liefdadigheid, maar in die praktyk sien die spreker geen meelewing en empatie met die wat swaarkry en in nood verkeer nie – hulle word eerder veroordeel deur te sê dat hulle *sil eendag brand* (versreël 13). Dis maklik om iets te preek en ander te veroordeel, maar word daar iets daadwerkliks daaraan gedoen?

In die teorie en op papier lyk dit (geregtigheid, liefde en liefdadigheid) maklik, maar die toepassing daarvan in die praktyk is 'n heel ander storie. Vir die spreker is daar steeds te veel haat en nyd en verwyte.

Ten slotte verkies die spreker sy kan drank bo die skynheiliges wat op straathoeke staan en preek. Sy drank bring ontvlugting vanuit sy wêreld van haat en beledigings.

## Bylae C: Reaksie – Vrae en voorgestelde antwoorde (p. 373–375)

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die woorde *Ou Ghwarrie* (versreël 1) word hier as 'n persoonsnaam gebruik. Verwys dit na 'n spesifieke persoon? Verduidelik.

   **Dit verwys na 'n lekker ou pel of 'n platjie.**

2. Van wie se kring is Ou Ghwarrie nou deel (versreël 3)?

   **Volgens die spreker is hy nou deel van die skynheiliges en 'n lekeprediker op straat.**

3. Wat is 'n rieldans? Verduidelik kortliks die ontstaan van hierdie danspassies.

   **Die rieldans is die oudste danssoort in Suider-Afrika – dit is deur die Khoisan uitgevoer en is ná 'n suksesvolle jagtog in 'n sirkel om die vuur gedans.**

4. Watter enkele woord in versreël 5 dui aan dat die spreker emosioneel hierby betrokke is? Watter gevoel word hier weerspieël?

   **Die tussenwerpsel *oe* dui op sy afkeer.**

5. Wat is *newwies* (versreël 5) en waarom word dit juis genoem?

   **Dit is nuwe skoene. Hy is deftig aangetrek as prediker.**

6. Waarom is dit insiggewend dat hy sy beste pak aantrek? Waarvan is dit tekenend?

   **Hy wil sy beste voet voorsit en 'n indruk maak. Hy wil wys dat hy anders as die ou groep is.**

7. Waar is daar 'n wending in die gedig en waardeur word die gevoel van moedeloosheid beklemtoon?

   **Daar is 'n wending by versreël 8. Dit word ingelui deur die teenstellende voegwoord *ma* (maar). Die tussenwerpsel *aai* beklemtoon sy moedeloosheid.**

8. Wat suggereer die spreker met die gekoppelde samestelling *Sunday-go-to-meeting-face* (versreël 9)?

   **Dit suggereer 'n skynheilige optrede – dit is anders as die ander dae van die week. Dit is nie sy ware *ek* nie.**

9. Wat wil die spreker sê as Ghwarrie net soos daai *seurtjie* praat? Watter diepere suggestie lê hierin versteek?

   **Hy praat nie Kaaps Afrikaans nie, hy praat Standaardafrikaans net soos die mense oor die radio. Hy is nou belangrik en preek in deftige taal. Hy praat anders as die groep waaruit hy kom.**

10. Waarna verwys die woorde in versreël 11 *oppie draad*? Wat word hierdeur te kenne gegee?

    **Dit verwys na die draadloos (dus op die radio) waarna geluister is. Die man ("sir") wat oor die radio praat se taalgebruik is formeel, dalk bietjie hoogdrawend.**

11. Watter drie sake is in versreël 12 belangrik?

    **Geregtigheid, liefde en liefdadigheid.**

12. Op watter van hierdie sake word gefokus in versreël 13 en hoekom bevraagteken die spreker dit? Watter dieper insig spruit hieruit?

    **Die persoon veroordeel die spreker en fokus dus op die *justice* (versreël 12), maar hy predik liefde en liefdadigheid. Hy het dus nie veel empatie en meelewing met die spreker nie.**

13. Lees weer versreël 15.

    13.1 Van watter teorie is daar hier sprake?

    **In teorie en op papier lyk dit (geregtigheid, liefde en liefdadigheid) maklik, maar die toepassing daarvan in die praktyk is 'n heel ander storie.**

    13.2 Waarom werk dit, volgens die spreker nie in die praktyk nie (versreël 17)?

    **Daar is te veel haat en nyd en verwyte.**

14. Van watter *kan* is daar sprake in versreël 19?

    **Die kan met die drank in.**

15. Watter kontras word in die laaste twee versreëls op die spits gedryf?

    **Die kontras tussen die skynheilige ledeprediker en die sondige spreker wat van sy drank hou.**

16. Wat is 'n bottel *jien* (versreël 21)?

    **Dit is 'n bottel jenewer ("gin") – dus sterk drank.**

**17.** Hierdie gedig is in lekker Kaaps Afrikaans geskryf. Haal voorbeelde aan van...

17.1 Klankweglating

***ma'* vir *maar, wa'om* vir *waarom*, ensovoorts.**

17.2 Algehele assimilasie

***vannie* in plaas van *van die, oppie* in plaas van *op die.***

17.3 Klanktoevoeging voor aan 'n woord

***tjou* in plaas van *jou.***

**18.** Verwoord die tema van hierdie gedig in jou eie woorde en dui aan hoe die titel van die gedig hierby aansluit.

**Die mens predik geregtigheid, liefde en liefdadigheid, maar leef dit nie uit nie. Die mens het 'n veroordelende gees teenoor ander wat buite die kring staan. Die titel dui op die mens se reaksie op ander mense se doen en late.**

## Literêre opstelvraag

In hierdie oënskynlike speelse gedig lê vele dieper waarhede in opgesluit. Verduidelik hierdie stelling deur die tema van die gedig te omskryf. Hierdie vraag moet in 250 tot 300 woorde beantwoord word.

## Voorgestelde antwoord

**Die gedig *Reaksie* deur Vernon February lyk op die oog af na 'n speelse gedig. By nadere ondersoek kom die leser agter dat dit eintlik oor 'n paar sake kommentaar lewer.**

**Die titel *Reaksie* dui aan dat daar op iets gereageer gaan word, met ander woorde wat iemand se reaksie gaan wees op iets wat plaasgevind het.**

**In die gedig reageer die spreker krities op "afvalliges" soos dié wat hulle bekeer en dan as lekepredikers vir mede-afgedwaaldes wil kom preek. Die spreker is skepties teenoor die aangesprokene wat ook eens afvallig was en vantevore nes die spreker gelewe het en nou vir hom wil preek en sê dat hy sy lewe moet verander.**

**Die aangesprokene word as *ou Ghwarrie* aangespreek. Maar hy het sy lewe verander en praat hoogdrawend en lyk nou anders met sy nuwe skoene en pak. Ghwarrie se transformasie word as skynheiligheid beskryf in die gekoppelde bepaling *Sunday-go-to-meeting-face* (versreël 9). Hy preek geregtigheid, liefde en liefdadigheid, maar in die praktyk het hy nie meelewing en empatie met die wat anders as hy dink nie. Die andersdenkendes word eerder veroordeel deur te sê dat hulle *sil eendag brand* (versreël 13). Hierdie is dus universeel van toepassing op mense wat ander minder ag, wat skynheilig dink hulle is beter as die res.**

**In versreël 4 word na die *hotnotsriel* verwys, wat die liefdespel tussen man en vrou uitbeeld. Die spreker wil weet of die aangesprokene nou so heilig is dat hy hom van dans en liefde weerhou. Hy suggereer dat die spreker hom heilig hou en dat hy 'n valse beeld uitdra.**

**Ten slotte verkies die spreker sy kan drank bo die skynheiliges wat op straathoeke staan en preek. Sy drank bring ontvlugting vanuit sy wêreld van haat en beledigings.**

**[291 woorde]**

## Regstellings by ander gedigte

| Bladsy | Naam van gedig | Fout | Regstelling |
|---|---|---|---|
| p. 3 | *Stad in die mis* | Versreël 7: en sy kantelende rug-metaal; | en sy kantelende **rug metaal**; |
| p. 17 | *Suiwer wiskunde* | Versreël 3: word, saad sal skiet, en nooit verby | word, nooit **sal saadskiet, welk,** en ... |
| p. 20 | *Die gewigopteller* | Subtitel: Vir $\mathscr{F}$<br>Versreël 2: vermenigvuldig elke pond<br>Versreël 5: wat met een kap blitssnel | Subtitel: Vir $\mathscr{F}$**.**<br>vermenigvuldig elke pond**,**<br>wat met **één** kap blitssnel |
| p. 23 | *Die bokser* | Versreël 5: die lyf word wieging – ritmies, sterk –<br>Versreël 16: waar netnou sy gestalte was; | die lyf word **wieging** ...<br>waar netnou **my** gestalte ... |
| p. 35–36 | *"As iemand klein is"* | Versreël 4: driekeer te groot, sy hofie is te swaar<br>Versreël 11: wat hom wil gryp ... wat lag jy, Mamma? – Ag, | **drie keer** te groot, ...<br>wat hom wil gryp ... **W**at lag ... |
| p. 47–48 | *Die muskiet* | Versreël 7: verbluffende perfekte instrument | **verbluffend** perfekte instrument |
| p. 54 | *Die seemeeu* | Versreël 29: silwer en grys<br>Spasies tussen versreëls. | silwer en grys**,**<br>Voeg spasies in tussen versreëls 3 en 4, 6 en 7, 9 en 10 en 15 en 16. |
| p. 58 | *Ek het 'n huisie by die see* | Versreël 5: ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,<br>Versreël 14: Dit is 'n rots waarop my huisie staan. | **E**k hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,<br>**d**it is 'n rots waarop my huisie staan.<br>OOK: Geen spasie tussen versreëls 4 en 5 nie; versreëls 2, 3, 6, 7, 11 en 12 word ingekeep. |
| p. 64 | *Verlore seun* | Versreël 8. My byna opgeskrop. | **m**y byna opgeskrop. |
| p. 73 | *23* | Titel: 23<br>Versreël 6: kom ruimte<br>Versreël 16: met die asems soos boeie<br>Versreël 17: hoe hulle sing<br>Versreël 22: is leeg. Ek het as op my hoof,<br>Versreël 23: my beker is leeg<br>Versreël 25: van die lemoenboompie oortrek van witbloeisels<br>Versreël 28: ek kan jou ruik<br>Versreël 30: In hierdie donker nag<br>Versreël 34: envoi, | Titel: 23 **(Die drie-en-twintigste-gedig)**<br>kom ruimte**,**<br>met die asems soos boeie**,**<br>hoe hulle sing**,**<br>is leeg**, e**k het as op my hoof,<br>my beker is leeg**,**<br>van die lemoenboompie oortrek van **wit bloeisels**<br>ek kan jou ruik**,**<br>**in** hierdie donker nag**,**<br>*envoi,*<br>OOK: Voeg 'n spasie in tussen versreëls 28 en 29, m.a.w. versreëls 29 en 30 vorm 'n koeplet. |
| p. 84 | *Ma* | 1. Ma, ek skryf vir jou 'n gedig<br>2. sonder fênsie leestekens<br>3. sonder woorde wat rym<br>4. sonder bywoorde<br>5. net sommer<br>6. 'n kaalvoet gedig – | Versreëls 2 tot 6 word ingekeep. |
| p. 87 | *Brief* | 19. kon nie | 19. kon nie [Inkeping by versreël 19] |
| p. 90 | *Afskeid* | Versreël 14: jy moet altyd bly soos nou | jy moet altyd **so** bly soos nou |
| p. 94 | *Jy't my gekierang* | Versreël 6: my ma sê agga gwaan | my ma sê agg**e** gwaan |
| p. 98 | *Florauna* | Versreël 6: en boekrakke met sartre.<br>Versreël 7: ek wil vir jou 'n gewelhuisie bou | Voeg 'n spasie in tussen versreëls 6 en 7, m.a.w. nuwe strofe begin by versreël 7. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| p. 101 | *elegie vir my toekomstige vrou* | Titel: Elegie vir my toekomstige vrou<br>39. geleef (lééf?) soos al die ander | **e**legie vir my toekomstige vrou<br>39. geleef (l**ee**f?) soos al die ander<br>OOK: Versreëls 41 tot 48 word ingekeep. |
| p. 105 | *Heimat-vers vir my lovely* | Versreël 10: voor die riempiestoel wat ek vir jou gevleg het<br><br>Versreël 11: ek vra die wolke | Geen spasie tussen versreëls 10 en 11, m.a.w. versreëls 1 tot 20 vorm één strofe. |
| p. 132 | *Twee stokkies-draaiers* | Versreël 16: geil oor die pram en boude van bulte staan | geil oor die pram en **boud** van bulte staan |
| p. 141 | *27 april 1994* | Versreël 13: om in die oë van vergetenes en verlorenes | om in die oë van vergetenes en **lang**verlorenes |
| p. 151 | *Selfportret (1)* | Versreël 4: miskien moet hy kyk<br>Versreël 13: (op sy rapport staan:<br>Versreël 17: Dis nie sy gebied.<br>Versreël 20: Voor die rekenaar gaan sit. | **M**iskien moet hy kyk<br>(**O**p sy rapport staan:<br>**d**is nie sy gebied.<br>**v**oor die rekenaar gaan sit. |
| p. 154 | *Selfportret (2)* | Versreël 1: Hy stap sommer | **h**y stap sommer |
| p. 161 | *hansie en grietjie* | Versreël 9: stiefmammies en stiefpappies hulle haal | stiefmammies en **-pappies** hulle haal |
| p. 170 | *Maaltyd* | Versreël 8: hou my aan haar steeds vasgeknoop.<br>Versreël 9: En op die gladde, blink buffet, | Voeg 'n spasie in tussen versreëls 8 en 9, m.a.w. nuwe strofe begin by versreël 9. |
| p. 174 | *Bergies* | Versreël 3: drie dinge wat hy lief het.<br>Versreël 6: lê die honde, die vent die vrou. | drie dinge wat hy **dierbaar** het.<br>lê die honde, die vent**,** die vrou. |
| p. 177 | *Gedig deur Stephan Bouwer* | Versreël 7: ek met my moskombers<br>Versreël 8: En as daar oorlog kom<br><br>Versreël 9: word die mense wat my liefhet<br><br>Versreël 21: wat nie wil genees nie. | Voeg 'n spasie in tussen versreëls 7 en 8 en haal die spasie uit tussen versreëls 8 en 9; haal die punt uit by versreël 21. |
| p. 189 | *gaan i, ii en iii* | Spasies tussen versreëls. | Haal spasies uit tussen:<br>versreëls 4 en 5<br>versreëls 8 en 9<br>versreëls 16 en 17 |
| p. 198 | *'n Paternoster vir Suid-Afrika* | 21. soos ons hulle vergewe, die luidrugtiges<br>22. wat nooit binne die kraal was nie,<br>23. wat nooit rietperd gery<br>24. en kaalvoet geloop het nie, | Inkeping by Versreël 24 dieselfde as by versreëls 22 en 23. |
| p. 216 | *Aktualiteit* | Versreël 17: En spreekwoorde word deurmekaar gesaai<br>Versreël 21: agterosse amper dood<br>Versreël 23: duimvashou en bly klou<br>Versreël 24: Kyk nou noord en gaan voort<br>Versreël 25: en bou 'n brug met 'n lem in die rug | **e**n spreekwoorde word deurmekaar gesaai<br><br>**agterosse** **amper** dood<br>**duimvashou** **en** bly klou<br>Kyk nou **noord** **en** gaan voort<br>en bou 'n **brug** **met** 'n lem in die rug<br>[Spasies by versreëls 21, 23, 24 en 25] |
| p. 221 | *Ontevredenheid* | Versreël 7: Blou! Te hoog, ver te koud vir my ...<br>Versreël 10: Miskien ... is jy ... tog reg | Versreël 7: Blou! **te** hoog, **vêr** te koud vir my ...<br>Versreël 10: Miskien ... is jy ... **tóg** reg |
| p. 224 | *Ek het vir my 'n komper bestel* | Versreël 10: Ek sou die komper rooi en geel wou verf – | Ek sou die komper rooi en geel **wil** verf – |
| p. 255 | *Susan Boyle* | Versreël 2: voor die pilatusse van Britain's got talent<br>Versreël 4: misrabel vaal in die lig vergruis<br>Versreël 9: met die eerste woorde van I dreamed a dream | voor die pilatusse van ***Britain's got talent***<br><br>**miserabel** vaal in die lig **verguis**<br>met die eerste woorde van ***I dreamed a dream*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| p. 258 | *Lifeboy* | Versreël 5: Na die slaan vannie yster<br>Versreël 9: Na die slaan vannie yster | Na die slaan vannie yster**s**<br>Na die slaan vannie yster**s** |
| p. 259 | *Die mynwerker* | Versreël 3: waar "geld nie alles in die lewe is"<br>Versreël 4: ek werk beslis net vir my pay.<br>Versreël 5: Daai harde rif laasweek –<br><br>Versreël 10: iets oor die honders, ja; | waar "geld nie alles in die lewe is"**,**<br>Voeg spasie in tussen versreëls 4 en 5, m.a.w. nuwe strofe begin by versreël 5.<br><br>iets oor die honder**d**, ja; |
| p. 408 | *dialoog* | Versreël 7: tog handel en verhandel ek | tog handel en verhandel ek**,** |

APPENDIX 2

# Errata
# Verskuns vir Eerste Addisionele Taal Graad 12

saamgestel deur Riens Vosloo

ISBN: 978-1-4310-4178-7

| Bladsyverwysing | Bestaande teks | Gekorrigeerde teks |
|---|---|---|
| **Tien haikoes vir die Vredefortkoepel**<br>p. 26 | Haikoes is nie genommer nie. | Volgorde van die haikoes:<br>1. Meteoriet<br>2. Wind<br>3. Water<br>4. Grond<br>5. Boom<br>6. Mens<br>7. Wêrelderfenis<br>8. Besoedeling<br>9. Dankgebed<br>10. Tien |
| **Ek het 'n huisie by die see**<br>p. 35<br><br>versreëls 2 en 3, 6 en 7, asook versreëls 10 en 11 (inkepe) | 1 Ek het 'n huisie by die see. Dis nag<br>2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan<br>3 teenaan die rots waarop my huisie staan<br>4 met al die oseaan se woeste krag.<br>5 Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,<br>6 soos van verlore siele in hul nood<br>7 al dwalend, klagend, wat in graf en dood<br>8 geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.<br><br>9 My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.<br>10 Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,<br>11 ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;<br>12 hierbinne is dit veilig, warm en dig.<br><br>13 Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –<br>14 Dit is die rots waarop my huisie staan. | 1 Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.<br>2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan<br>3 teenaan die rots waarop my huisie staan<br>4 met al die oseaan se woeste krag.<br>5 Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,<br>6 soos van verlore siele in hul nood<br>7 al dwalend, klagend, wat in graf en dood<br>8 geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.<br><br>9 My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.<br>10 Ek hoor dan maar hoe loei die storm **daar buite**,<br>11 ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;<br>12 **hier binne** is dit veilig, warm en dig.<br><br>13 Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –<br>14 **d**it is **'n** rots waarop my huisie staan. |
| **Pryslied**<br>p. 54 | Strofe 1 is versreëls 1 – 14 | Strofe 1 is versreëls 1 – 8<br>Strofe 2 is versreëls 9 – 14 |
| strofe 2, versreël 10 | uNgubengcuka | Ngubengcuka |
| strofe 3, versreël 15 | bolip | bo-lip |
| strofe 6, versreël 31 | "vrede, die ma van groot nasies". | **"vrede, wat die ma is van groot nasies"**<br>Versreël 31 – strofe van een versreël |
| **Die boodskapper**<br>p. 92<br>versreël 5 | Djy is so naby | Djy is **soe** naby |
| versreëls 9 en 10 | 9 Ek los 'n boodskap by Venus vir jou – | **9 Ek los 'n boodskap**<br>**10 by Venus vir jou –** |
| **Volkslied van Suid-Afrika**<br>p. 94<br>versreëls 6 en 7 | 6 fedise dintwa le matshewenyeho [verban oorloë en twis,]<br>7 se boloke, O se boloke setjaba se heso, [beskerm ons, beskerm ons nasie,] | 6 **O** fedise dintwa le matshewenyeho [verban oorloë en twis,]<br>7 **O** se boloke, O se boloke setjaba se heso, [beskerm ons, beskerm ons nasie,] |
| versreëls 13-16 | Daar is 16 versreëls:<br><br>13 Sounds the call to come together,<br>14 And united we shall stand,<br>15 Let us live and strive for freedom,<br>16 In South Africa our land. | [Hoor die oproep om een te word,]<br>[en ons sal verenig,]<br>[Laat ons leef en streef vir Vryheid,]<br>[in Suid-Afrika, ons land.] |
| **Die nuwe kind**<br>p. 102<br>versreëls 10 en 11 | maar eenkant, alleen, onder 'n boom | **M**aar eenkant, alleen, onder 'n boom |